
## In dankbare herinnering aan ...

# Ds. LS (Louis) Kruger



Oor die werk van die HERE in en deur Louis Stephanus Kruger kan ons as mense vanuit ons sondige eenvoud en beperkte begripsvermoë dalk baie vrae vra, waarvan die vernaamste sekerlik is: Waarom het die HERE so 'n briljante en absoluuttoegewyde dienskneg van Hom so 'n feitlik lewenslange beproewingspad laat loop?

Louis Kruger is gebore op 28 April 1922 in die distrik Bethal. Vanaf sy vroegste ouderdom was die besondere intellek wat die HERE in sy genade aan hom gegee het, al duidelik sigbaar. Hoewel die nagevolge van polio reeds op jong ouderdom lastig begin raak het, het hy deurentyd blymoedig opgetree, was hy 'n bron van onnutsigheid in sy skoolklasse, en het hy nooit gehuiwer om, sy verswakkende spierfunksies ten spyt, ouer mense te help met moeilike take nie. So het hy by geleentheid op pad êrens heen, 'n bejaarde man 'n dak sien verf, die dak opgeklim, die bejaarde se kwas uit sy hand geneem, en die dak eers kant en klaar geverf, voordat hy verder gegaan het.

Nadat hy tot die oortuiging gekom het om predikant te word, is sy begeerte hiertoe byna verydel toe medici bevind het dat hy waarskynlik nie ouer as 30 jaar sou word nie, en dat die baie jare se studie hierdie prognose verder sal laat verswak. Die destydse Kuratorium hom as gevolg hiervan ernstig afgeraai om die teologiese studie aan te pak. Gelei deur sy innerlike oortuiging, en ondersteun deur sy jeug vriendin, Nonnie Swart, het hy egter die studie met oorgawe aangepak en met groot sukses voltooi.

Sy besondere begaafdheid was so opmerklik dat hy reeds 'n beroep na die NG Kerk in Malawi ontvang het nog voordat hy klaar gestudeer het!

Nadat hy in 1950 sy studies met groot sukses voltooi het, het hy vele beroepe ontvang, en is hy aan die begin van 1951 bevestig in die Gereformeerde Kerk Groblersdal. Kort daarna is hy en Nonnie (Martha Hendrina Magdalena) Swart getroud. Vanaf 1954 het hy Benoni bedien, en vanaf 1958 tot 1962 was hy werksaam te Odendaalsrus.

Vanweë steeds verswakkende gesondheid, selfs operasies en behandeling in Londen ten spyt, moes hy in 1962 emeriteer. Tot op hierdie stadium was hy nie net met gemeentelike werk besig nie, maar het hy ook akademies besig gebly. Sy boekie "Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?" was 'n blitsverkoper met heelwat herdrukke. Sy grootste bydrae tot die Gereformeerde Kerke was sy aandeel in die boek "Handleiding by die Gereformeerde Kerke", 'n boek wat oor baie jare, en selfs oor kerkgrense heen, steeds deur die ernstige soeker na God se orde vir sy kerk, bestudeer word.

Die HERE het hom en Nonnie twee begaafde kinders gegee, naamlik Maggie en Theunis, asook, terwyl hulle die Kinderhuis te Linmeyer uitgebou het, vir Esther, wie hulle kon grootmaak soos hulle eie.

Uiteindelik, ook weens verdere verswakkende gesondheid, moes hy ook die heerlike werk by die Kinderhuis, asook enige verdere werk, staak. Tog het hy op uitnodiging, sy byna onvermoë om later selfs behoorlik te kon loop ten spyt, steeds gepreek.

En wat 'n begaafde predikerwas hy nie! Enigeen wat deur die twee preekbundels van hom wat gepubliseer is, lees, kom gou agter dat die eksegese besonder deeglik en verantwoord is, en die gedagte-opbou suiwer en boeiend. Sy preke was gevul met geestelike energie, hoewel sy liggaam vinnig agteruitgegaan het.

Op 14 Junie 1993 het die HERE plotseling vir Nonnie in 'n motorongeluk weggeneem. Die onverstaanbare "Waarom sy, die gesonde?" Sy hartseer was baie groot. Sy rou oor haar het eintlik nie opgehou nie.

Sy eie gesondheid het so agteruitgegaan dat hy later 24 uur per dag versorg moes word. Miena en Pienkes het hierdie werk blymoedig en deeglik gedoen, terwyl hy hulle, met sy goeie verstand wat hom tot die einde bygebly het, in die Gereformeerde leer ingelei het.

In die aand van 11 Januarie 2006 het die HERE hom opgeneem in ewige heerlikheid, nadat hy al so daarna verlang en uitgesien het!

Waarom die HERE so 'n begenadigde dienskneg van Hom so 'n onverstaanbaar moeilike lewenspad laat loop het? Ons weet nie. Maar vir wyle ds. LS Kruger, wat alles gegee en opgeoffer het in diens van die HERE en sy ewige evangelie, was dit wat die HERE sê in 2 Korintiërs 4:16-18 die vreugde waaraan hy deurentyd vasgehou het:

"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles-oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."

- *Ds. Lourens du Plessis (Delmas)*